*Boekresensie*

# Worker Participation

Mark Anstey
Juta Edms (Bpk),
Posbus 14373
Kenwyn, 7790.

Werkerdeelname is 'n gonswoord wat tans algemeen gebruik word. Arbeidskenners is dan ook eens dat een van die oplossings van arbeidsprobleme, soos arbeidsonrus en lae produktiwiteit, lê in deelname van werknemers aan die besluitnemingsproses.

Mark Anstey, Direkteur van die Eenheid vir Arbeidsverhoudinge aan die Universiteit van Port Elizabeth het in 1989 'n konferensie oor Werkerdeelname by die UPE gehou. Die referate gelewer tydens hierdie kongres is in hierdie boek saamgevat.

Die boek bestaan uit twee gedeeltes: die eerste deel handel oor konseptuele, teoretiese en praktiese aangeleenthede met verwysing na internasionale neigings op hierdie terrein. In die tweede deel word die ervarings van 'n aantal arbeidsverhoudingepraktisyns ten opsigte van werkerdeelname bespreek.

Die boek word ingelei deur 'n bondige bespreking van vorme van werkerdeelname soos kollektiewe bedinging, werkerdirekteure, werkerrade, werknemeraandeelhouding en werkerdeelname op werksvloer deur middel van gehaltekringe, ensovoorts. Voordele en onderliggende probleme ten opsigte van moontlike benutting van elkeen van hierdie vorme van deelname in die Suid-Afrikaanse arbeidsomstandighede is duidelik uitgelig deur Mark Anstey.

Charles Nupen en Loet Douws Dekker wys op die radikale en dikwels gepolariseerde eienskappe van onderhandeling en stel 'n onderhandelingsforum buite die ondernemingsvlak voor. Volgens hulle behoort hierdie onderhandelingsforum raakpunte met die gemeenskap te hê en word dit beliggaam in die sogenoemde sosiale kontrak. Nupen huiwer nie om kritiek op die nywerheidsraadstelsel te lewer nie, maar wys tog op die aangepaste wyses waarop nywerheidsrade in die toekoms ten opsigte van kollektiewe bedinging benut kan word.

Die grootste meriete van die boek is in terme van die ontleding van werkerdeelnamepraktyke in lande soos Duitsland en die VSA en die beïnvloeding daarvan op die denke van plaaslike bestuurders. Brian Robinson en Brian Smith van Volkswagen in Duitsland en Uitenhage respektiewelik, ontleed die Duitse stelsel van medeseggingskap ("co-determination") maar wys ook op die moontlikhede van toepassing van die benadering in Suid-Afrika. Don Power het dieselfde gedoen met ervarings in die VSA.

Deelname van werknemers in die vorm van aandeelhouding en winsdeling plaaslik is deur Frank M Horwitz internasionaal vergelyk, terwyl Georgina Jaffee en Glen Cormack die totstandkoming, probleme en potensiaal van werkerkoöperasie krities ontleed.

Ander praktiese ervarings met werkerdeelname is gedeel deur Steve Dewar oor werkerdeelname by Toyota, Clive Fletcher oor Anglo American se werknemeraandeelhoudingskema, Rob Birt oor die werkerdeelname in die AECI pensioenskema en Gopalang Sekobe oor werkerdeelname in veiligheid en gesondheidaangeleenthede.

Ongelukkig word die mening van vakbonde en vakbondfederasies ten opsigte van werkerdeelname nie hier weerspieël nie.

Hierdie boek is die eerste publikasie waarin die ervaring van ander lande met werkerdeelname nie slegs beskryf is nie, maar waarin ervaringe met werkerdeelname in Suid-Afrika ontleed is en aangedui is waarom oorsese toepassings aan werkerdeelname hierheen oordraagbaar is, al dan nie.

Dit is 'n werk van hoë verdienste wat keurig deur Anstey gerangskik is.

PROF LUTHER BACKER
DEPARTEMENT MENSLIKE HULPBRONBESTUUR
RAU